

# Pretoriana



*Genootskap Oud-Pretoria*

*Association Old Pretoria*

Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

## INHOUD — CONTENTS

- 'n Oproep i.v.m. die Verskuiwing van die Kruger-standbeeld.
- Eerwaarde Dr. J. Baumbach: 'n Lewenskets van Eerwaarde Frans Motau.
- H. M. Rex: Enige Mededelings i.v.m. die Geskiedenis van twee Erwe en 'n Street. IV.
- Dr. I. le Roux: Lepra in die S.-A. Republiek.
- Dr. F. J. du T. Spies: Die Oorsprong van ons Straatname. VI.
- C. J. Beanes: Pretoria Fifty Years Ago. III.
- H. P. H. Behrens: Onderhoud met mnr. F. J. Wulfse van Rustenburg.
- Toespraak van mnr. J. H. Visso, L.V. en oud-Burgemeester, by die opening van die Van Riebeeckreservaat op 18 November 1952.
- Saluutskof vir Pretoria.

# **JOHN J. KIRKNESS Ltd.**

**P.O. BOX 44  
PRETORIA**

**Manufacturers of Building Bricks of all kinds,  
Klompjes, Roofing Tiles, Quarry Tiles,  
Structural Hollow Tiles, etc.**

#### **FACTORIES:—**

**Groenkloof No. 419 — Pretoria — Phone 2-3288/9  
Sandfontein No. 93 — Pretoria — Phone 3-1070**

# DIE VERSKUIWING VAN DIE KRUGER-STANDBEELD

## 'N OPROEPE

In 'n vorige uitgawe van „Pretoriania,”<sup>1)</sup> is die standpunt van die Genootskap Oud-Pretoria ten opsigte van die Kruger-standbeeld by monde van sy voorsitter, dr. W. Punt, duidelik en afdoende uiteengesit. Hoewel die Genootskap Oud-Pretoria minder intiem by die saak gemoeid is as bv. die Krugergenoootskap, het die bestuur nog altyd van die standpunt uitgegaan dat hy nie volkome afsydig durf staan nie. Uit die aard van die saak sal die Genootskap Oud-Pretoria belangstel in die standbeeld van president Kruger, nie slegs omdat die president gedurende die belangrikste tydperk van sy lewe intiem aan Pretoria verbondes was nie, maar veral omdat die plasing van die standbeeld op Kerkplein nie kan geskied sonder inagneming van die plek wat die plein, histories sowel as andersins, in ons stadslewe inneem nie.

Noudat finaliteit omtrent die verskuiwing en heroprigting van die standbeeld verkry is, kan die Genootskap Oud-Pretoria hom verheug oor die — al is dit dan ook maar beskeie — aandeel wat hy in die saak gehad het. Wanneer die beeldgroep eenmaal op Kerkplein staan — wat hopelik teen Oktober 1954 die geval sal wees — sal 'n trotse prestasie tot die reeks dienste wat die Genootskap reeds onbaatsugtig in belang van Pretoria verrig het, gevoeg wees.

Hiermee kan ons egter nie ons aandeel in die saak as afgehandel beskou nie. Voordat die onthullingsplegtigheid plaasvind, sal nog baie gedoen moet word. Om aan net een en waarskynlik die belangrikste saak te raak: gedurende die volgende twaalf maande sal ongeveer £20,000 ingesamel moet word om die koste aan die onderneming verbondes, te bestry. Met hierdie taak is die Krugergenoootskap tans ywerig besig en die eerste resultate op hierdie inspannende en opofferende werk, het ook rie uitgebly nie.

Veral in verband met hierdie groot en grootse onderneming, durf die Genootskap Oud-Pretoria nie afsydig staan nie. Die geleentheid tot daadwerklike hulp — moreel sowel as finansiell — is daar. Hoewel die verskuiwing van die standbeeld van wyle president Kruger met reg as 'n nasionale onderneming bestempel kan word, is dit tog by uitstek ook van plaaslike belang omdat dit in die eerste plek sal bydra tot die luister van Pretoria. Dit is om hierdie rede dat die ongeveinsde hoop uitgespreek word dat nie 'n enkele lid van die Genootskap Oud-Pretoria hom of haar onbeteig sal laat om ook sy of haar aandeel in die groot onderneming, te hê nie.

A. N. PELZER,

Onder-voorsitter.

1) Deel II, No. 2, bls. 1.

## 'N LEWENSKETS VAN EERWAARDE FRANS MOTAU

Hierdie lewenskets van ons geliefde Evangelis is geneem uit 'n beskrywing deur homself op versoek van Direkteur Brennecke. Dit begin by vanmelewe voordat Pretoria gestig is.

In daardie dae het die Boere en die Zoeloes ooreengekom om teen die Sothos van kaptein Moletsi te veg, en het hulle hulle ook oorwen, en hulle beeste en kinders weggevoer. Die Zoeloes het die beeste geneem terwyl die kinders, seuns en dogters, aan die Blankes uitgedeel is sodat hulle op die plase grootgemaak kon word en die bediendes van hulle base kon wees. Twee kinders uit hierdie groep, 'n seun en 'n dogter, is aan 'n sekere Boer, Flip Minnaar, gegee wat 'n plaas gehad het naby waar nou die stasie Edendale is. Aan die seun het die baas die naam Hektor gegee en hy moes beeste en lande oppas; die meisie het hy Salfie genoem, maar die nie-blanke bediendes wat baie van haar gehou het, het haar Moeder-van-die-kos genoem, want dit was sy wat vir hulle kos gekook het. Hierdie baas was saggeaard en goedhartig. Daarom, toe baie van die ontvoerde wegeloop het huis toe omdat hulle base wreed was, het hierdie twee gebly tot hulle oud was. Dis toe dat hulle getrou het volgens hul eie volksgebruiken. 'n Stok is op die grond neergesit en het hulle altwee, bruid en bruidegom, daaroor gespring om daardeur aan te toon dat hulle die jeug ontgroei het en dat hulle 'n nuwe lewe begin het as man en vrou in een werf.

Dit was in hierdie tyd dat Pretoria gestig is deur President Pretorius wat deur die Sothos Kgokonyane, 'n soort voëltjie wat graag koring vreet, genoem is. Na 'n paar jaar het die wat ontvoer was, op die plaas in die omgewing verneem dat 'n predikant wat aan die naturelle die Woord van God leer, in Pretoria aangekom het. Dis toe dat Hektor en sy vrou hulle baas gevra het om ontslaan te word. Hy het toegestem en toe het hulle na Pretoria verhuis waar Hektor in die diens van ene Struben getree het. Sy huisie het op die plek waar die Hoofposkantoor nou is, gestaan. Hier is 'n seunskind aan hulle gebore wat die 29ste Desember 1867 gedoop is deur Eerwaarde Knothe. (Die kind is die 27ste April 1866 gebore.) Sy vader was toe reeds gedoop maar sy moeder was nog in die kategisasieklas en is eers in 1871 gedoop. Hierdie seun was die man wat ons ken as Frans Motau. Weens die groei van die dorp het Timotheus en Martha—dis die name wat sy ouers by die doop gekry het—daarna weggetrek na Du Preezhoek waar daar vandag 'n spoorwegstasie is. Eerw. Knothe het sy huis gehad in wat vandag Visagiestraat heet. Ook die kerkie en skool was in Visagiestraat. Die onderwyser was Josef Kgogontsho. Dis hier waar Frans en sy broer Filippus hul eerste skoolonderrig ontvang het. Die pad skool toe en terug huis toe was in daardie dae gevaarlik weens die leeus en ander ongediertes wat

in die bosse om die dorp was. Jakkalse en blesbokke en springbokke en ander soorte wild was volop in die veld.

In daardie tyd is baie van die wat ontvoer was, ontslaan en het hulle Pretoria toe gekom; hulle het hulle daar gaan vestig en hul huise het die hele dorp rond gestaan. Dis toe dat eerw. Knothe vir hulle die plaas Frischgewaagd (nou Boomstraat 100) gekoop het. Die ouers van Frans het ook soontoe getrek. Die kerk en skool en huis van die onderwyser was nog in Visagiestraat en die inwoners van Boomstraat het Sondae soontoe gegaan en gedurende die week hulle kinders, om daar die Evangelie en mooi gewyde liedere van ons kerk te leer. Die klas het vol geword van mense wat gedoopt wou word en die gemeente het uitgebrei.

Toe eerw. Knothe verplaas is na Wallmansthal toe, het 'n nuwe sendeling gekom, eerw. Grünberger. In 1879 is 'n groot kerk en 'n nuwe skool in Boomstraat gebou en die sendeling het in 1880 sy nuwe huis daar ingewy.

Die 9de Mei 1880 is die vader van Frans deur die dood weggeroep nie lank nadat eerw. Grünberger na die sinode by Botshabé<sup>1)</sup> gegaan het nie met Frans en 'n ander seun, sodat dié twee die kweekskool daar kon bywoon. Terwyl hulle daar was, is hierdie seun deur 'n wa getrap en is hy dood en het Frans hom in sy allenheid betreur. God het hom gehelp om sy onderrig te voltooi en hy en oorlede Job Thóke het hul eksamen geslaag. Die eksaminatore was eerw. Nauhaus, Trümpelmann en drie ander. Frans is daar by Botshabé werk gegee in die skool en in die gemeente. Maar in 1887 het eerw. Grünberger 'n wa gestuur om hom terug te neem Pretoria toe. Hy het die 17de Januarie 1887 daar in die skool begin onderrig gee. Buitendit het hy en meester Willem Geel hul sendeling bygestaan in die gemeente, die tronk en in die drie klein gemeentetjies in die omgewing, nl. Bekane, Kalkberg en Irene.

Toe eerw. Grünberger sy werk as sendeling in 1890 neergelê het om die predikant van die Duitsers in Pretoria te word, het eerw. Sack in sy plek gekom. Daarna het die sendingwerk vinnig uitgebrei. Die buitegemeentes het vermeerder. Die buitegemeentes wat hulle besoek het, te voet, te perd of met die trein was die volgende: Kaalfontein, Randjieslaagte, Emmaus, Knoppieslaagte, Brakfontein, Jukskeirivier, Krokodilrivier, Kalkberg, Jordaanplaas, Laboratorium, Ondersteport, Eersterust, Lady Selborne en Holfontein. Toe eerw. Sack van 1903 tot 1904 verlof gekry het om Duitsland toe te gaan, het eerw. Hoffmann sy plek ingeneem in Pretoria. Die werk van God was bo verwagting geseen. Eerw. Motau is die werk gegee om die heidene wat gedoopt wou word, te bearbei. Hul getal was werklik groot. Op een dag van die Here gedurende die jaar is 99 grootmense gedoopt.

Eerw. Motau is die 20ste Oktober 1907 te Edendale saam met die evangeliste Johannes Nkwane en Timotheus Ranyabu ingeseen as predikant.

Sy samewerking met eerw. Sack was vir 48 jaar lank tot die ou heer

sy diens weens ouerdom neergelê het. Maar eerw. Motau het voortgegaan en was die regterhand van eerw. Leue, Baumbach en Kramer-hulle.

Die beskrywing van sy lewe het ons ou vader met hierdie woorde afgesluit: „Vandag (Oktober 1950) is dit 13 jaar dat ek saam met eerw. Papke hier in Pretoria werk. Die werk vorder nog altyd. God is nog met ons in sy genade. Hy gee ons liggaamlike en geestelike krag sodat ons blymoedig kan werk. Ons dank God met die woorde van die psalmdigter Dawid en sê: „Loof die Here, my siel en vergeet geen een van sy weldade nie.”

Dr. J. BAUMBACH.

Hiermee ons dank aan eerwaarde dr. J. Baumbach vir sy toestemming om hierdie stuk te plaas nadat dit reeds in die sendingtydskrif **Tshupa-Mabaka A Kereke** (1952) verskyn het.

In ons volgende uitgawe verskyn die eerste in 'n reeks uittreksels uit die oorspronklike kroniek van Wallmannsthal.

<sup>1)</sup> Botshabêlô—„Toevlugsoord”—naby Middelburg (Tvl.)

---

## Enige Mededelings

i. v. m. die Geskiedenis van  
twee Erwe en 'n Straat

deur H. M. REX

IV.

In 'n vorige artikel het mnr. Rex daarop gewys dat die aankoop van die oostelike helfte van erf No. 382 (411) noodsaklik was vir die oprigting van die goewernementsgebou. Die noordwestelike gedeelte van erf No. 411 is uiteindelik in 1921 aan die stadsraad verkoop. Daardeur het die geleentheid ontstaan om Parlementstraat in sy huidige wydte en toestand te bring. In hierdie artikel gaan mnr. Rex na wat van die restante westelike gedeelte van erf No. 411 geword het. **Die redakteur wil graag ook hiermee ons stadsvaders se aandag vestig op die slotaanmerkings wat die skrywer maak t.o.v. 'n moontlike huldiging van die twee argitekte Wierda en van Rysse.**

Soos alreeds vantevore vermeld, het dit by die ontwerp van die Goewernementsgebou geblyk dat die inrit—die pilare met die balkon—die grens van Erwe Nos. 412 en 411, sou oorskry en inbreuk sou maak op die terrein van die kerkplein. Toe met die bouery van die Staatsgebou 'n aanvang gemaak is, het die Kerkraad van die Ned. Herv. of Ger. Gemeente van Pretoria dadelik beswaar aangeteken en hulle ook op die Hooggereghof beroep om die Regering te verhinder om met die voorgestelde bouery

voort te gaan. Daarna was daar 'n jarelange onderhandeling tussen die Staat en die verskillende kerklike partye aan die gang en was algemeen bekend as die Kerkpleinkwessie.

Gedurende Julie 1889 het die hele saak in die Volksraad te berde gekom, n.a.v. 'n Uitvoerende Raadsbesluit No. 476/1889, wat o.a. gelui het: „dat zulke gedeelten van het Kerkplein **of zulke andere grond** (onderstreping deur skrywer), als de Regeering ten behoeve van de behoorlyke oprichting en voltooiing van de Staatsgebouwen te Pretoria, zal noodig vind en ter harer beschikking zyn en dat de Regeering gerechtigd en gemachtigd is zich onmiddellyk en zoodra door haar gewenscht, in het bezit daarvan te stellen, sonder dat iemand wie het ook zy, het recht zal hebben de Regeering daarin te belemmeren of te be'letten.” Met 'n meerderheidsbesluit het die Volksraad die Uitvoerende Raadsbesluit goedgekeur en volgens Art. 1231 van 30 Julie 1889, die volgende besluit geneem: „De Volksraad gelet hebbende op Regeeringsmissive dd. 29 Juli 1889, en Uitvoerende Raadsbesluit Art 476, besluit zich te vereenigen met het Uitvoerende Raadsbesluit, en de Regeering de daarin gevraagde machtiging te verlenen.” Die bouwerksaamhede het daarna volgens plan voortgegaan en mettertyd is die hele Kerkplein deur die Regering vir £50,000, tesame met 'n aantal erwe, van die Ned. Herv. of Ger. Gemeente van Pretoria en die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria, oorgeneem.

Spoedig na die aanvang van die bouery van die Staatsgebou het dit duidelik geword vir die Regering en die argitek, dat dit vir die Staat uiters wenslik sou wees om oor die gedeelte van die westelike helfte van Erf No. 411, wat op daardie tydstip aan R. C. Green behoort het, te beskik. Veral Wierda het baie sterk vir die aankoop van daardie stuk grond gevoel en toe die saak gedurende Oktober 1889 moes beslis word, het hy sy idees en argumente ten behoeve van die Uitvoerende Raad, op skrif gestel.

Op die 15de Oktober 1889 het Staatssekretaris Leyds die volgende brief aan Green gerig: „Ik heb namens de Regeering U mede te deelen dat zy op grond van Volksraadsbesluit dd. 30 Juli 1889, Art. 1231, en uit kracht daarvan hierby verklaart dat zy het noodig vindt te beschikken over het gedeelte van de westelike helft van Erf No. 382 te Pretoria (vroeger erf 411) thans op uwen namen staande, ten behoeve van de behoorlyke oprichting en voltooiing van de Staatsgebouwen te Pretoria en by dezen zich onmiddellyk in bezit daarvan stelt. De Regeering biedt U als compensasie daarvoor aan de som van £9,000 <sup>31</sup>.” Die volgende dag het Green geantwoord dat hy bereid was om £10,500 vir sy einedom te aanvaar <sup>32</sup>.

Op die 16de Oktober het die Staatssekretaris aan hom teruggeskrywe dat die Uitvoerende Raad 'n beraad wens te hou i.v.m. sy aanbod om die erf vir £10,500 aan die Regering te verkoop <sup>33</sup>.

Op daardie stadium, op die 17de Oktober 1889, waarskynlik op versoek van die Uitvoerende Raad, het Wierda sy opinie oor die wenslikheid van die aankoop van die besondere stuk grond, op skrif gestel en gerig aan

die Staatssekretaris: „By deze heb ik de Eer de Hoog Ed. Regeering te mogen mededeelen dat het reeds eenigen tyds myne aandacht heeft getrokken, gelyk ook een en andermaal met de Hoog Ed. Regeering besproken werd, dat het eigendom van den Heer Green, westwaarts tegen het nieuwe Staatsgebouw aansluitende, een zeer ongewenscht inconvenient kan worden: wanneer genoemde Heer dat terrein mocht gaan bebouwen. Het betrekkelijk beperkte terrein voor het Staatsgebouw liet niet toe daarvoor open terrein te laten; zoodat de westelyke zygewels slechts op geringe afstand van de grens zyn gelegen, alwaar op dezen oogenblik het aangrenzende terrein nog open is. Wanneer echter te eeniger tyd het terrein des Heeren Green geheel mocht worden bebouwt, zal dit grootelyks het licht aan die zyde in het Staatsgebouw belemmeren en de westelyke vleugels byna onbruikbaar maken. Daarom acht ik het hoogst wenschelyk, de Hoog Ed. Regeering dat gevaar tracht te voorkomen, door het bedoelde terrein van den Heer Green aan te koopen en dan van dat terrein tevens een publieke straat te maken, dit zal het schoone van het gebouw bovendien nog zeer verhoogen”<sup>34</sup>.

Met hierdie opinie en advies van Wierda om hulle te lei in hulle beslissing, het die Uitvoerende Raad op die 22ste Oktober 1889 besluit om die eiendom van Green teen 'n bedrag van £10,000 aan te koop, „met overname van daarop rustend servituum”<sup>35</sup>. Toe kort daarna deur Pres. Kruger vasgestel is dat die jaarlikse betaling van die £54, deur die eienare van Erf No. 410, intussen, op grond van 'n ooreenkoms tussen die eienare van Erwe Nos. 411 en 410, gestaak is, was Green bereid om teen die laere bedrag van £9,500 te verkoop. Die restante gedeelte van gedeelte A van Erf 411 (382), groot 83 vk. roedes en 4 vk. voet, het ten slotte op die 29ste Oktober 1889 in besit van die Gouvt. van die Z.A.R. gekom—egter nog altyd onderhewig aan die bgn. servituum van 'n deurweg van 24 voet wyd vanaf Pretoriusstraat tot by Kerkplein<sup>36</sup>.

Oor hierdie besondere gedeelte het die Staat tot in 1907 beskik, maar volgens Transportakte No. 233/1907, is gedeelte 2 van die westelike gedeelte van Erf No. 411, groot 71 vk. roedes en 138 vk. voet, deur middel van 'n „Crown Grant” dd. 24ste Oktober 1907—uitgegee onder die „Crown Lands Disposal Ordinance” van 1903, oorgedra aan die Stadsraad van Pretoria op die 5de Nov. 1907, wat toe daarna die grond uitsluitend vir straatdoeleindes gebruik het.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die huidige Parliamentstraat eers na die aankoop deur die Stadsraad van Pretoria van die klein stukkie grond waarop die „Doodskis” gebou was, in 1921 totstandgekom het, maar reeds in die begin van 1907, word in die „Executive Council Resolution” No. 54 dd. 20 Maart, melding gemaak van die naam Parliamentstraat. In die huurkontrak tussen Wierda en Kirkness i.v.m. die verhuur van die geboue wat op die eiendom van Green gestaan het, word na die deurweg verwys as Kochstraat<sup>37</sup>, terwyl in die destydse assuransiepolisse van die Staatsge-

bou, na die deurweg as Kochlaan verwys word. Mn. C. J. Beanes vertel dat Parliamentstraat voorheen ook onder die name van Kerk- en Teaterlaan, bekend gestaan het<sup>38</sup>.

Ten besluite wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om 'n saak van openbare belang onder die aandag van elke Pretorianer, sowel as onder die aandag van ons stadsoutoriteite en kultuurleiers te bring. Dit is nl. opvallend dat twee persone, wat vir ongeveer dertien jaar aan die hoof gestaan het van die Departement van Publieke Werke van die Suid-Afrikaanse Republiek en in daardie hoedanigheid so'n groot en beslissende rol gespeel het, om tot 'n groot mate aan Pretoria sy argitektoniese aansyn te gee, veral t.o.v. sy openbare geboue wat uit die Republikeinse periode dateer, mettertyd heeltemal vergete en op die agtergrond geraak het. Ek bedoel Sytze Wierda en Klaas van Rysse. Dit is nie nou hier die plek en geleentheid om op al hulle besondere prestasies m.b.t. die openbare en partikuliere boukuns van Pretoria in te gaan nie, maar ek wil hier slegs voorlopig die gedagte uitspreek dat die name van Wierda en van Rysse verewig moet word deur hulle name aan twee van Pretoria se strate te gee.

Aangesien daar geen besondere tradisie en sentiment aan die straatname van „Parliament”- en „Palace”-straat verbonden is nie, stel ek daarom voor dat die twee niksseggende straatname gerus deur ons stadsowerhede verander kan word: **Parliamentstraat** na **Wierdastraat** en **Palacestraat** na **van Ryssestraat**. Wierda en van Rysse het albei 'n belangrike aandeel gehad in die uiteindelike totstandkoming van Parliamentstraat en die twee strate wat die Kerkplein met Pretorius- en Vermeulenstraat verbind, loop langs die twee belangrikste geboue wat deur en onder hulle leiding ontwerp is, verby: nl. die Ou Gouvernementsgebouw en die Paleis van Justisie. Dit is onteenseglik waar dat hierdie twee staatsgeboue baie daartoe bydra om aan Kerkplein sy waardige en rustige atmosfeer te gee en dit die sieraad te maak waarvoor dit in die afgeloede halfeeu alreeds oor die hele wêreld bekend is.

Terloops kan ek net daarop wys dat Klaas van Rysse die ontwerper was van die Gereformeerde Kerk in Kerkstraat-Wes, en in medewerking met Weyers, ook van die Bosmanstraatse Grootkerk.

Die eerbiedwaardige name van Wierda en van Rysse is nog nêrens in ons straatname verewig nie—tot ons skande—maar sodoende, sal ons 'n ereskuld vereffen aan hierdie twee Nederlanders, wat met liefdevolle toewyding hulle nuwe vaderland gedien het en 'n lang reeks monumente van skoonheid en openbare nut nagelaat het.

(SLOT).

(31) S.S. B.B. 3384/1889.

(32) R.10824/89.

(34) G.I.A. 1709/1889, 2301/1889.

(35) U.R.B. 685/89 dd. 22/10/89

(36) Tr. Akte No. 3296/89.

(37) G.I.A., M.R. 1302/89, dd. 22/11/89.

(38) „Pretoriania,” Deel I — Nos. 3 — 4, bladsy 36.

# *Lepra in die S.-A. Republiek*

Hoewel daar aan die Kaap reeds in 1756 lokale gevalle van Lepra onder die Blankes voorgekom het, was dit eers in 1818 dat die „Hemel en Aarde”-inrigting naby Hermanus, distrik Caledon, daargestel is vir die afsondering en verpleging van lepralyers aan die Kaap. In 1845 is die oorblywendes oorgeplaas na Robben-eiland nadat reeds sowat 400 orlede is te „Hemel en Aarde.”

Die eerste bekende geval in die S.A. Republiek is die van 'n jong seun („wit geslacht”) van 11 of 12 jaar, wat op 10 September 1888 gevind is by die baksteenoonde te Pretoria. Die bevinding van die distriksgeneesheer was dat hy aan 'n erge vorm van lazarus (*Lepra Anaesthetica cum Mutilans*) gely het. Hoewel dit skynbaar 'n „uitgebrande” geval van senulepra was, en dus van geen gevaar vir besmetting was nie, het dit heelwat ontsteltenis veroorsaak, aangesien daar toe nog geen voorsiening van Staatswéë was vir die afsondering van lepralyers nie. Die volgende dag het die Staatssekretaris (J. Edward Bok) die Landdros van Pretoria (J. S. Smit) „geauthoriseerd met die Hospitaal Commissie te raadplegen om de lieder aldaar in het uiterste gedeelte van de tuin in een tent te plaatsen.” Hiervan wou die Hospitaal-Kommissie nie hoor nie, sodat op 14 September 1888 'n verdere opdrag aan die Landdros uitgereik is: „Zeer zeker kunt gij desnoeds geweld gebruiken om de zieke al dadelik af te zonderen in een tent in het uiterste gedeelte van de tronktuin totdat het huisje in de hospitaal gronde zal gereed zijn.”

Die Staatswiele het destyds heelwat sneller beweeg as vandag, want reeds 'n week later het die Landdros tesame met die Goewermentsingenieur en argitek (mnr. Wierda) om 4.30 die namiddag, gegaan om 'n plek vir die voorgestelde gebou te besigtig. Hulle het toe besluit op 'n plek aan die helling van die berg naby Daspoort, waar die Bantulelokasie tans geleë is. Daar moes 'n gebou met vier kamers elk met sy eie ommuurde agterplaas opgerig word, asook die oppasserswoning twintig treë ten noorde daarvan. Na heelwat vertraging met die aanvra van tenders, is dié van H. Westerman vir £1,784 aangeneem.

Op 25 Februarie 1890 word gerapporteer dat die leprosebarak en die oppasserswoning voltooi en in gebruik geneem is. Daar elke kamer slegs twee pasiënte kon bevat, was daar net vir 8 pasiënte voorsiening. Dr. Gordon B. Messum was destyds die distriksgeneesheer vir die leprosegestig teen 'n besoldiging van £100 p.j. Volgens die „rapport van het leprozenhuis te Pretoria over het jaar 1890” blyk dit daar toe 12 pasiënte behandel was, waarvan 7 nog in die inrigting was aan die einde van die jaar. Hiervan was 3 blankes en vier „kleurlingen.” Die benaming „kleurlingen” is deurgaans gebruik vir alle „nie-blankes”, hoewel dit duidelik is volgens die foto's in die Argief dat baie van hulle naturelle

was. Beide blankes en „gekleurdes” was in een gebou gehuisves. Ses jaar later eers is hierin verandering gebring. Die volgende voedselrantsoene was aan beide blankes en gekleurdes uitgereik:

Brood	1 pond per dag.
Vleis	16 onse per dag.
Aartappels	16 onse per week.
Rys	$\frac{1}{2}$ ons per dag.
Suiker	2 onse per dag.
Tee of koffie	$\frac{1}{2}$ ons per dag.
Mieliemeel (na gewoonte)	ad libitum.
Groente — enkele kere	(moeilik te kry).

Die volgende jaar is 'n stuk grond 300 tree in vierkant omhein, bemes en beploeg vir gebruik van die pasiënte. Hulle het die grond beplant en bewerk, wat vir hulle veel genot en gesonde liggaamsoefening verskaf het, en ook tegelykertyd baie groente vir eie gebruik voorsien het. Dit was dan ook vir hul gesondheid baie bevorderlik. Die geneesheer maak egter beswaar dat die ontdekking van diamante op die berg en die afpens van kleims rondom die gestig, die publiek in ongewenste nabyheid en verkeer met die inwoners van die gestig bring.

Vyf jaar later het 'n Gekose Kommissie 'n rapport gedateer 29 Junie 1896, by die Volksraad ingedien. Hulle het bevind dat reeds al die kleurlinge behalwe 5 en een blanke (en dit op sy eie versoek) reeds verplaas was na tydelike geboue op die plek waar die Regering van plan was om 'n nuwe gestig vir blankes en kleurlinge op te rig. Hulle het die plek gaan ondersoek „omtrent vyf mijlen van hier op het dorpsgrond door Z.Ed. der Landdrost aangewezen,” en dit aanbeveel om die volgende redes:

1. die plek is ver genoeg van die stad en aangrensende plase geleë;
2. is hooggeleë en gesond;
3. daar ontspring 'n fontein op die plek;
4. daar is goeie grond vir landerye en tuine;
5. die afloopwater, indien behoorlik versorg, sal niemand kan hinder nie;
6. dit is ver van enige publieke verkeer, egter nie te ver afgeleë vir toesig deur die voorgestelde Curatorium nie.

Intussen het die getal pasiënte aangegroei tot 99 (22 blankes en 77 kleurlinge). 'n Vermeerdering van 37 op die vorige jaar. Volgens informasie van die landdroste van Vryheid, Rustenburg en Pretoria was daar in die distrikte ook nog lepralyers „die in sommige gevalle zeer behoeftig zijn en geen lewensbestaan hebben.” Met genoë kon hulle egter meld dat oor die algemeen die toesand van die leprose uiterlik veel verbeter het, wat betref die kleding en die skeiding van blankes en kleurlinge. Oor die voedsel word nog steeds gekla, in sover dat hul byna nooit van groente voorsien word nie, en dat hulle te min skaapvleis kry. „daar rund vleesch,

zooals zij beweren, te zwaar voor de indigestie is." Hulle moes ook self hul voedsel voorberei, en daar sommige so erg deur die siekte aangetas was, is aanbeveel dat 'n kok met behoorlike hulp aangestel word.

Dr. Messum, die geneesheer van die gestig, is ontslaan op 19 September 1895, en 'n sekere mnr. J. H. Coetzee is vir 'n jaar aangestel teen 'n salaris van £800 p.j. plus reis- en verblyfkoste. Hy was geen gelisensieerde geneeskundige nie, maar was tog toegelaat om sekere eksperimente te maak met middels wat hy voorgegee het die leprose mee te genees. Van die vier persone wat die „spesiale" behandeling ontvang het, was drie erger na 'n jaar, en die vierde was skynbaar nie 'n lepralyer nie.

Daar die gestig te Daspoort stampvol was, is toe besluit om 'n nuwe inrigting te bou, en op 10 Februarie 1897 is 'n kontrak onderteken met „de Italiaansche Bouw Maatschappij" vir £52,500. Onder die geboue wat opgerig is was o.a. ook 'n „open Kerkgebouw met Predikantstribune," wat vandag nog in gebruik is, dog die ope deurgang tussen die verhoog en die gehoor is jare gelede reeds toegebou, hoewel vandag nog kenbaar deur die verskil in stene, ens. wat gebruik is. Reeds in die volgende jaar (1898) is die nuwe leprose-gestig in gebruik geneem. Met die toevoegings wat later aangebring is, word hier vandag sowat 1,200 nie-blanke; pasiënte gehuisves en omtrent 56 blankes, asook 'n blanke personeel van 66 en 102 nie-blankes.

**„Pankoppen"**—Weens „het toenemen der kleurling melaatsen van het distrikt" is in 1899 die plaas „Pankoppen," groot 2,494 morg, behorende aan 'n mnr. P. Viljoen vir £4,000 aangekoop en ingerig as 'n melaatse kolonie vir sowat 280 persone.

Op 21 Januarie 1899 is dan ook 191 kleurling melaatse met 'n spesiale trein vervoer na Pienaarsrivierstasie, en vandaar met ossewaens teen £2 per vrag 2 uur verder na Pankoppen. Dan voeg die verslag verder nog by dat „de distrikten Waterberg en Zoutpansberg heeft hunne lepralijders nog niet opgezonden; deze worden binne kort verwacht. De lepralijders van Johannesburg zijn tijdelike verlof toegestaan daar te blijven onder de Gezondheidscomite van genoemde plaats." Geen verdere gegewens kan verkry word omtrent die „Pankoppen"onderneming nie. Die plaas is tans deel van die Naturelle-trust-gronde.

Dr. I. le Roux.

Uittreksel uit:

The Cape Times, Sept. 28, 1895.

### **Lepers in Pretoria carted through the streets**

Pretoria, Sept. 27. (From our correspondent).

A woman and two children afflicted with leprosy, were conveyed in a scotch cart through the streets of Pretoria yesterday. Many spectators viewed the gruesome sight.

# Die oorsprong van ons Straatname

## VI.

**VAN LENNEPSTRAAT** heet volgens mondelikse inligting wat ek ingewin het na jhr. van Lennep, die Nederlandse gesant in Pretoria tydens die Tweede Wêreldoorlog. Maar wat was die naam daarvan voor die tyd, of bestaan dit maar sedert dien?

**VISAGIESTRAAT** heet na J. H. Visage. Die ekstra **i** het in die naam van die straat gesluip waarskynlik as gevolg van die uitspraak. Visage was goewermentsekretaris tydens die stigting van die Pretoria-gemeente in 1854. 'n Brief, ged. 11 Augustus 1854, waarin ouderling N. J. Smit kennis gee van die stigting van die gemeente, is ook deur hom onderteken. 'n Foto van die brief, asook 'n portret van Visage met vrou en dogter, is te vind in die **Eeu fees-Album** van Pretoria, p. 12. Hy was ook sekretaris aan die kant van die Boere tydens die sluiting van die Sandrivierkonvensie. 'n Ander bron meld dat hy van Potchefstroom af ingetrok het en veral bekend was vir sy boeremiddels. (J. J. Pieterse, **Die geskiedenis van Pretoria tot 1877**, M.A.-verhandeling, U.P. 1942, p. 82). Dit is duidelik dat hy 'n gesiene inwoner van ou Pretoria moes gewees het. Hy is in 1884 oorlede.

**DE WAALSTRAAT** heet volgens mnr. C. J. Beanes na E. H. de Waal, inspekteur-generaal van invoerrechte gedurende die latere jare van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy is ook een van die Boere wat na die Tweede Vryheidsoorlog na Oos-Afrika emigreer het.

**WESTSTRAAT**. Is dit 'n straat wat in die weste van Pretoria geleë is en het dit van daar die naam gekry, of heet dit na iemand met die naam van West?

**WILLOWSTRAAT**. Volgens ou gegewens het daar pragtige treurwilgers in die buurt gestaan waar die straat geleë is, o.a. ook op die aangrensende terrein van **Harmony**. Vgl. Johanna Brandt, **Die Kappie Kommando**.

**MARIA VAN RIEBEECKLAAN**. Op aanbeveling van die Genootskap Oud-Pretoria, het die stadsraad van Pretoria gedurende 1952 hierdie naam aan 'n gedeelte van die pad na Delmas gegee. Oor Maria van Riebeeck sien veral die redevoering van mev. M. v.d. Heever tydens die onthulling van die naamplaat in November 1952, **Pretoriania**, Deel 2. No. 3, p. 8.

Volgens mnr. J. C. Vlok is **TULLEKENSTRAAT** nie na Aling van Tulleken genoem nie maar wel na 'n broer van hom wat in die landmeterskantoor gewerk het.

Al die straatname van Pretoria-sentraal is hiermee afgehandel. Indien sommige die aandag ontsnap het sal ek graag daarvan kennis neem. Volgende keer hoop ek om 'n begin te maak met die straatname van Arcadia.

F. J. du T. Spies.

# ONDERHOUD MET MNR. FREDERICK JOHANNES WULFSE VAN RUSTENBURG OP 30/5/1953 TE RUSTENBURG

Mnr. Wulfse het gesê dat hy laat in 1889 of vroeg in 1890 saam met sy vader en moeder in Pretoria aangekom het uit Holland. Daar was agt kinders. Sy vader was 'n argitek en bouaannemer en hulle het van Kimberley na Pretoria in 'n muilwa gereis.

Kort na sy aankoms in Pretoria het hy as drukkersleerling by De Pers begin. Nelmapius was die eienaar en Leo Weinthal die redakteur. Mnr. Walker, later van Walker en Marshall, drukkers van Johannesburg, was die voorman in die settery. Mnr. Van der Schyf, later van die Rand Daily Mail, het ook daar gewerk.

Mnr. Wulfse het met 'n loon van 5/- per week begin en het 1/- per uur vir oortyd ontvang, wat altyd nodig was as die koerant gedruk moes word. Mnr. Anton van Wouw, die beeldhouer, was die koerant se spot-prenttekenaar.

De Pers het die Regering ondersteun en Weinthal was 'n groot vriend van President Kruger, asook Nelmapius wat baie konsessies van die Regering gekry het, waaronder die konsessie vir die fabriek te Eerste Fabrieke waar drank gestook is.

De Pers-drukkery was op 'n perseel in Vermeulenstraat langs die ou Staatsdrukkery (hoek van Vermeulen- en Bosman- (Koch)straat oorkant die Grootkerk).

Hy het twee jaar by De Pers-drukkery gewerk. Die drukkery was in Vermeulenstraat in 'n gewone woonhuis gevestig.

Daarna het mnr. Wulfse by die Staatsdrukkery gaan werk wat toe op die hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat was langsaaan die huidige Staatsdrukkery. Mnr. Pieter Bell was die direkteur van die Staatsdrukkery en daar het sowat 60 blankes waarvan meeste Hollanders was, gewerk. Desyds was daar nog geen setmasjiene nie en ook geen elektrisiteit nie. Alles moes met die hand geset word.

Mnr. Wulfse het by die Staatsdrukkery gewerk totdat die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het en is toe as voetganger by die Staats Artillerie ingedeel. Voor Ladysmith was hy lid van die bemanning van „Long Tom”. Die Ierse Brigade onder Kommandant McBride, later lid van „The House of Commons”, was ook by hierdie gedeelte van die Artillerie.

Toe Bloemfontein deur die Britse magte beset is, is mnr. Wulfse deur die Transvaalse Regering in 'n drukkery te velde geplaas en het hy saam met mnre. Morgenrodt, Te Groen en Ben Wallach, 'n broer van mnr. Ike Wallach van **Die Volkstem**, in 'n groot Kaapse spoorwa proklamasies en omsendbriewe vir die Vrystaatse leër en regering gedruk. Hulle was toe naby Kroonstad gestasioneer en het daar gebly totdat hulle verplig was



### MALABOCH CAMPAIGN. Officers and Non-commissioned Officers of the Pretoria Commando, 1894

Front Row: L. Taylor, Boy, Bugler, J. Fuchs

2nd Row: J. Mac Moreland, C. Lever, F. Schunke, P. J. Malan, Adv. F. B. Tobias, H. K. Scheppard, J. Smuts

3rd Row: Comdt. J. P. de la C. Schröder, Rev. Colin Rae, Col. I. P. Ferreira, Lieut. Adj. G. J. Eloff, Lieut. C. G. Rice, C. Boot, A. Thomson, G. Waldeck

Back Row: P. Mynhardt, H. C. de Braconier, Van Nes, Lieut. H. J. W. Holzer, P. J. J. van Rensburg, P. J. v. d. Byl, L. Gates, J. H. B. van Iddekinge, G. Botha, A. Kling (orderly), A. C. Vlotman, N. Vlok, Dr. E. P. Linshoek, E. F. X. Cooper, J. Lorentz

(Museum, Alb. D. No. 17)

om na Elandsfonein (tans Germiston) terug te trek. Daar aangekom het hy agt uur verlof gekry om sy verloofde, met wie hy later getroud is, in Braamfontein te besoek. Dieselfde dag is Johannesburg deur lord Roberts se troepe omsingel en kon hy nie na die drukkery terugkeer nie. Hierdie drukkery is later na Waterval Boven verplaas met alles wat mnr. Wulfse besit het.

Nadat hy van sy drukkery afgesny was, het mnr. Wulfse by Burmeister en Kie., Presidentstraat, oorkant die ou Poskantoor, in Johannesburg aansoek om werk gedoen. Weens die tekort aan personeel is hy onmiddellik aangestel. Binnekort was hy voorman van die drukkery. Toe die personeel na die oorlog terugkom, het mnr. Wulfse hierdie betrekking laat waar en sy eie besigheid begin. Die eerste koerant wat hy te Braamfontein uitgegee het was die Kerk- en Skoolblad. Ds. Maartens was sy redakteur.

Een van sy latere pogings om koerante uit te gee, was ook die **Clifton Observer**. Mnr. Gluckman was redakteur van hierdie koerant. Vroeër was Gluckman by die Pers-drukkery. Weens gebrek aan kapitaal kon mnr. Wulfse hierdie onderneming egter nie volhou nie.

Een van die koerante wat voor die Tweede Vryheidsoorlog in Pretoria bestaan het, was **Die Volkstem** waarvan dr. Engelenburg redakteur was. Hy was seker een van die bekwaamste redakteurs en ook 'n „gentleman”. Toe **Die Volkstem** dagblad geword het, het dr. Engelenburg te perd rondgery om vir die naturelle wat die koerante moes aflewer, te wys waar die intekenaars woon.

Gedurende die Malaboch-opstand in Zoutpansberg het mnr. Wulfse as lid van die Pretoria Vrywilliger-Korps diens gedoen as lyfwag van President Kruger. Mnr. Wulfse meen dat hy vandag (1953) die enigsteoorlewende lid van daardie lyfwag is.

Mnr. Wulfse sê dat die eerste Staatsdrukkery op 'n perseel geleë was wat vanaf Kerkstraat na Aasvoëlstraat (Burolaan) deur gegaan het. Die voorste gedeelte van die gebou was in Kerkstraat en dit was die drukkery. Die kantore was in die agterste deel van die gebou wat op Burolaan uitgegaan het. (Dit was blykbaar die gebou wat later die Staatsbiblioteek gehuisves het en daarna die eerste kantoor van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank was). Hierdie drukkery-gebou het gedeeltelik afgebrand en toe het die Staatsdrukkery verhuis na die perseel op die hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat.

Mnr. Wulfse sê dat hy sowat 10 koerante sedert 1902 begin het. Twee van hulle wat nog bestaan is die **Brits Pos** wat tans deur sy seun uitgegee word te Brits en die **Rustenburg Herout**, (Herald) wat deur twee ander seuns te Rustenburg uitgegee word maar waaraan hy nog verbonde is.

Mnr. Wulfse is getroud met 'n mej. Emily Nefdt. Sy is 'n suster van mnr. Tommie Nefdt, wat vir Jameson na sy mislukte inval by Doornkop gehelp ontwapen het. Mevr. Wulfse is 'n kleinniggie van generaal Sir George Colley.

H. P. H. Behrens.

## TOESPRAAK VAN MNR. J. H. VISSE,

L.V. en oud-Burgemeester, by die opening van die  
Van Riebeeckreservaat op die 18de November 1952

Dames en here,

Graag wil ek u almal hier verwelkom en van hierdie geleentheid gebruik maak om die Genootskap Oud-Pretoria te bedank vir hulle uitnodiging om die onthulling van hierdie naamplaat waar te neem. Ek moet egter sê dat ek bietjie verras was toe ek verneem het dat daar 'n formele onthulling van die naamplate sou wees. Vir die Munisipaliteit is die aanbring van naamplate 'n alledaagse roetinesaak ofskoon ek geredelik erken dat die twee plate van vandag iets buitengewoon is en om daardie rede, soos dit in baie uitsonderlike gevalle in die verlede al gedoen is, so 'n klein funksie regverdig.

Die gedagte om natuurreservate dwarsdeur die land na Jan van Riebeeck te vernoem, is deur die sentrale komitee wat die groot fees in Kaapstad gereel het, geruime tyd voor die derde eeupees in 'n omsendbrief aan alle plaaslike owerhede in die Unie aan die hand gedoen. Die betrokke komitee van die Stadsraad het op hierdie wenk gereageer en daar is by die Raad aanbeveel dat die stad se grootste en belangrikste natuurreservaat na die volkstiger vernoem word.

Heeltemal persoonlik gesproke, is dit vir my egter 'n bietjie onlogies dat so 'n besluit geneem is. Per slot van sake is daar geen direkte verband tussen Van Riebeeck en Pretoria nie, nog minder tussen hom en hierdie reservaat. Ons weet natuurlik dat hy hom vir die behoud van die flora beywer het, maar of dieselfde ook geld vir fauna, weet ek nie.

Dit egter daar gelaat. In een opsig stem ek saam met hierdie huldeblyk aan Van Riebeeck. Dit was Goethe wat gesê het dat ons grootste aanwings uit die geskiedenis is die entoesiasme wat dit in ons opwek. Hierdie naamverandering is 'n bewys van die entoesiasme wat daardie feestelikheid in ons gaande gemaak het en as sulks is dit 'n goeie teken.

Dit is miskien ook paslik dat ek met hierdie geleentheid net weer kortliks u herinner aan die rol wat die Stadsraad in die plaaslike feestelikhede gespeel het. U sal onthou dat die Stadsraad se beleid destyds was dat ons eie feesvierings geen afbreuk aan die volksfees in Kaapstad moes doen nie. Desondanks het die Stadsraad tog weer sy man gestaan, soos hy dit nog altyd gedoen het wanneer daar so 'n groot taak verrig moes word. Inderdaad was die Stadsraad se bydrae sover dit geld en dienste betref, baie groter as die van enige ander liggaam, ofskoon dit eintlik 'n provinsiale fees was en nie 'n stedelike gebeurtenis nie.

Hierdie houding is maar een van talle voorbeelde wat duidelik bewys dat die Stadsraad ten volle besef dat die mens nie van brood alleen kan leef nie. In die lewe van 'n stad, nes in die van 'n enkeling of 'n gesin, moet daar soms ook feeste en pieknieke wees. Wanneer tye swaar is, soos tans die geval is, sal die verstandige mens dan ook op een of ander

wyse probeer om vir sulke feestelike geleenthede voorsiening te maak. Daarom is die kritiek wat soms geopper word dat die Stadsraad geld op geleenthede soos die Van Riebeeckfees kan bestee terwyl daar geen fondse is om met strate en rioleringskemas aan te gaan, nie in Pretoria geregverdig nie. Hier het die Stadsraad nog altyd gepoog om 'n eweredige balans tussen die menigvuldige belangte van die stadsbewoners te hou.

En nou, dames en here, is dit vir my 'n voorreg om hierdie naamplaat te onthul.

---

## Saluutskote oor Pretoria

In die Staats-almanak van 1896 lees ons dat die volgende saluutskote gedurende die jaar afgewuur moes word:

20 Jan.: Verjaardag van Z.Ed. Gestr. den Commandant-Generaal.	— 18 schoten.
27 Jan.: Verjaardag van Z.M. Keizer van Duitschland Koning van Pruisen.	— 21 schoten.
27 Febr.: Slag van Amajuba.	— 21 schoten.
9 April: Verjaardag van Z.M. Koning van België.	— 21 schoten.
4 Mei: Opening van de Zitting van de E.A. Volksraden.	— 21 schoten.
24 Mei: Verjaardag van H.M. Koningin van Engeland.	— 21 schoten.
4 Juli: Onafhankelikheid van Noord Amerika.	— 21 schoten.
14 Juli: Inneming van de Bastille te Parijs, Frankryk.	— 21 schoten.
2 Augustus: Verjaardag van H.M. Koningin Regentes der Nederlanden.	— 21 schoten.
31 Augustus: Verjaardag van H.M. Koningin der Nederlanden.	— 21 schoten.
28 September: Verjaardag van Z.M. Koning van Portugal.	— 21 schoten.
28 September: Verjaardag van Z.H. Ed. Staats-president van den Oranje Vrijstaat	— 21 schoten.
10 Oct.: Verjaardag van Z.H. Ed. S. J. P. Kruger, Staatspresident van de Z.A. Republiek	— 21 schoten.
16 Dec.: Dingaansdag.	— 21 schoten.
En bij het sluiten der Zitting van de E.A. Volksraden.	— 21 schoten.

Dit moes sekerlik kleurvol daaruitgesien het wanneer die artilleriste aantree, 'n bevel gegee word en die kanonskote oor ou Pretoria gebulder het. Daardie dae is verby, maar ons is seker daar is nog van ons ou mense wat dit onthou. Die redaksie sal u herinneringe i.v.m. hierdie seremonies graag aanteken en publiseer sodat dit uit die verlede ontruk kan word.

# GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

## NAAMLYS VAN DIE GEWONE LEDE

Mr. C. W. Clark, Queen Wilhelmina Road, Waterkloof Ridge, Pretoria.  
Miss M. O. Gunn, Division of Botany & Plant Pathology, Union Buildings.  
Mnr. J. P. Kleynhans, Bourkestraat 91, Sunnyside, Pretoria.  
Dr. F. C. L. Bosman, Brookstraat 100, Brooklyn, Pretoria.  
Mnr. J. P. Jooste, Bourkestraat 230, Pretoria.  
Mr. and Mrs. Walter Battis, 20th Street, Menlo Park, Pretoria.  
Dr. W. E. Bok, Mackenziestraat 375, Brooklyn, Pretoria.  
Mev. Ivy Bok, Mackenziestraat 375, Brooklyn, Pretoria.  
Mnr. S. F. Naude, N.H.G. Gebou 29, Du Toitstraat, Pretoria.  
Mnr. H. C. Castelyn, Joubertstraat 120, Sunnyside, Pretoria.  
Mnr. A. J. W. de Bruyn, Charlesstraat 167, Brooklyn, Pretoria.  
Mnr. L. L. Steen, Devenishstraat 26, Pretoria.  
Mnr. R. Peacock, Montaguestraat 713, Hercules, Pretoria.  
Mnr. H. de V. du Toit, Bourkestraat 99, Sunnyside, Pretoria.

(Continued—Vervolg).

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

**UNIE-BOEKHANDEL**

Kerkstraat 236, Pretoria.

en

**VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL**

Librigebou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

**UNION BOOK STORE**

236, Church Street, Pretoria.

and

**VAN SCHAIK'S BOOK STORE**

Libri Buildings, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar.

Price: 1/- a copy.

With grateful thanks we acknowledge the receipt of a donation  
of £5 from Robert Hamilton Ltd.

**Genootskap Oud-Pretoria**  
(Gestig 22 Maart 1948)

**Association Old Pretoria**  
(Founded 22 March, 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

**BESTUUR:**

**EXECUTIVE COMMITTEE:**

Ere-President ..... The Mayor of Pretoria ..... Honorary President  
Die Burgemeester van Pretoria

Voorsitter ..... Dr. W. Punt ..... Chairman

Ondervorsitter ..... Prof. A. N. Pelzer ..... Vice-Chairman

Sekretaris ..... Dr. F. J. du Toit Spies ..... Secretary

Penningmeester ..... MnR./Mr. G. Rissik ..... Treasurer

Argivaris ..... Mej./Miss J. A. Davies, M.A. ..... Archivist

Redakteur ..... Dr. T. S. van Rooyen ..... Editor

Lede ..... Dr. V. Fitzimons ..... Members

Mevr./Mrs. H. Greenlees

MnR./Mr. J. P. Jooste

MnR./Mr. R. Peacock

MnR./Mr. H. A. de Loor

Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:

Raadslid/Councillor W. J. Seymore.

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422,/Bydraes moet gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422.